

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 45: Va'etchanan (וַאֲתַחֲנֶן) – En Ek Het Gesmeek.

Ek het in dié tyd tot יהוה gebid en gesê 'O, Meester, יהוה, U het begin om aan U dienskneg U grootheid en U magtige hand te wys, want watter god is daar in die hemele en op die aarde wat werke en magtige dade soos U s'n kan doen? Deut. 3:23 en 24 – PWL.¹

Torah: Deut. 3:23 tot 7:11

- ❖ **Deut. 3:23** – Genade Onbeskryflik Groot.
 - Gelykvormig Aan Yeshua.
- ❖ **Deut. 3:26** – Wanneer Vader-God 'Nee' Sê!
- ❖ **Deut. 4:1 tot 40** – 'n Torahleefwyse Van Hoor En Doen!
 - **Deut. 4:1** – Hoor En Doen.
 - **Deut. 4:2** – Die Onveranderde Woord Van YHVH.
 - **Deut. 4:6** – Torah Is Wysheid En Verstand.
 - **Deut. 4:15 en 16** – Misleiding En Afgodery.
- ❖ **Deut. 6:1 tot 9** – Die *Sh'ma*.

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com

Haftorah: Jes. 40:1 tot 26 – Berei die Weg vir die Wederkoms!

Die Hernieuwe Verbond:

- ❖ **Matt. 28:20; Open. 22:14** – Die seëninge van gehoorsaamheid.
- ❖ **Open. 22:18 en 19** – Niks byvoeg of wegneem van die Woord nie.
- ❖ **Rom. 7:12** – Torah is afgesonder, goed en regverdig.
- ❖ **Efes. 6:4** – Leer jou kinders Torah
- ❖ **Rom. 1:18 tot 25; 2 Pet. 2:20 tot 22** – Oordeel oor die wat Torah verwerp
- ❖ **2 Kor. 6:17; 1 Pet. 2:9; 1 Kor. 6:19 en 20** – Heiligmaking
- ❖ **Heb. 12:18 tot 29** – Ons was ook by Sinai
- ❖ **Joh. 14:15,21,23** – liefde vir YHVH is gehoorsaamheid aan Torah
- ❖ **Mark. 12:28 tot 34** – Yeshua en die *Sh'ma*

Written on a bus stop: Only buses will stop here; Not your time, so keep walking towards your goal!!

Hy wat sy beskerming in die wil van Vader-God vind, is veilig en geseënd.

Midrash (Torah Bespreking)

Aan die einde van sy lewe, waarvan hy 80 jaar in die wildernis deurgebring het, is Moses besig om vir oulaas YHVH se liefdevolle onderrig en instruksies aan die volk te herhaal. As leier het hy saam met die volk die hoogte- en laagte punte sedert Israel van die slawejuk bevry is, beleef. Terwyl YHVH in hierdie tydperk van 40 jaar in hulle fisiese behoeftes voorsien het, het die volk die geleentheid gehad om nie net die nodige kennis van Torah op te doen nie, maar ook die geleentheid hoe om dit prakties toe te pas in hulle daaglikse lewe. Hierdie was ook 'n geleentheid vir elke individu, en vir Israel as geheel, om 'n verhouding met YHVH te bou – verhouding van vertroue en gehoorsaamheid! As te ware het Israel 40 jaar se teoretiese en praktiese onderrig ontvang hoe om in die Beloofde Land as 'n koninklike priesterdom en bruid te leef. Hulle het vir 40 jaar onderrig in die huwelikskontrak (die *ketuba*) ontvang. Hulle het geleer dat hulle verhouding met YHVH 'n liefdesverbond is.

Deut. 3:23 – Genade Onbeskryflik Groot!

Ook het ek YHVH in dié tyd gesmeek en gesê: (Deut. 3:23)

Die woord vir *gesmeek* in Hebreeus is *chanan* en beteken *genade*. Volgens Strong's Hebrew and Greek Dictionary (H2603) beteken dit ondermeer: *to bend or stoop in kindness to an inferior; to favor*. Daarom kan die woorde van Moses in Deut. 3:23 ook soos volg geskryf word: *Ook het ek in die tyd my op die genade van YHVH beroep*.

Genade (*grace*)(*chanan*) en guns (*mercy*)(*chesed*) is Hebreeuse begrippe en beginsels wat reeds in die ou verbond bestaan het – die betekenis waarvan baie ooreenstem, maar tog met subtiële verskil. So lees ons byvoorbeeld wat Abraham gesê het (Gen. 19:19):

*Kyk tog, u kneg het **genade** (chanan) in u oë gevind, en U het u **guns** (chesed) groot gemaak wat U aan my bewys het deur my in die lewe te behou.*

So het Noag ook genade gevind in die oë van YHVH (Gen. 6:8). YHVH gee genade en eer (Ps. 84:12). Israel is deur die guns van YHVH van die Egiptiese slawejuk verlos en uit Egipte gelei (Ex. 15:13). Dawid praat van YHVH se goedheid en guns wat hom al die dae van sy lewe sal volg (Ps. 23:6).

Die Christendom se beskouing dat YHVH se genade en guns slegs as ‘Nuwe Testamenties’ gesien moet word, is dus verkeerd. YHVH was nog altyd ‘n God van genade en guns. In die hernieude verbond het YHVH dit egter deur Yeshua Messias bevestig en op ‘n wyse gedemonstreer sodat ons deur geloof (vertroue) in Yeshua as die Messias deel van Vader-God se genade en guns kan word.

Genade (חַנּוּן *chanan* – *chet, nun, nun-sofit*) beteken om met minsaamheid (welwillendheid, goedheid) neer te buig na ‘n ondergeskikte. Indien ons kyk na die betekenis van die Hebreeuse letters van hierdie woord, kan die betekenis ook soos volg verduidelik word:

- ❖ ח (*chet*): Die piktogram is ‘n muur of omheining. Die letter simboliseer dus ‘n plek wat omhein (ommuur) is en dus beskerming bied. Dit simboliseer ook lewe en lig. Die numeriese waarde (gematria; getalleleer) is 8 wat die getal is wat genade (*chanan*) en wysheid (*chokmah*) verteenwoordig, asook ‘n nuwe begin!
- ❖ נ (*nun*) en ן (*nun-sofit*): Die piktogram van *nun* is die van ‘n saad en dus ‘n sinnebeeld van lewe. Volgens Judaïsme verteenwoordig die *nun* Yeshua Messias. ‘n Verdere siening is dat *nun* ‘n sinnebeeld is van die persoon wat weens sonde gestruik het en die *nun-sofit* is die persoon wat opgestaan het en sondevergifnis (genade en guns) ontvang het. Die letter *nun* is ook ‘n sinnebeeld van *getrouheid* en die *beloning vir getrouheid*. Die gematria van *nun* is vyftig en verteenwoordig vryheid en die volheid van die lewe. Ware vryheid en tevredenheid word slegs in Torah-gehoorsaamheid gevind. Ware vryheid is wanneer jy weet wat YHVH se wil is en dit doen, want dan is jy vry van die leuen.

Genade skilder dus vir ons die volgende prentjie: Dit is ‘n plek waar die mens beskerming vind deur vergifnis in Yeshua Messias wat Lewe, Lig en Wysheid is. Deur YHVH se genade kan elkeen wat deur sonde gestruik het, opstaan om vergifnis te ontvang en as te ware weer nuut in die lig van Torah in gehoorsaamheid lewe – ‘n lewe vry van sondeskuld. Genade is dus vergifnis en versoening. Bevestiging hiervan vind ons in die woord *va’etchanan* (וְאֶתְחַנֵּן): waar die aleph-tav (תא – Yeshua, die eerste en die laaste) voorkom. *Et chanan* beteken om te vra vir genade – die genade wat in Yeshua Messias is.

Indien ons die betekenis van die Hebreeuse letters van die woord *guns* ondersoek, kan die betekenis ook soos volg verduidelik word: Guns (חֶסֶד *chesed* – *chet, samech, dalet*) beteken goedheid, welwillendheid, goedaardigheid, deernis, ontferming en getrouheid (Strong’s H2617). Daarom word *guns* ook as *goedertierenheid* vertaal. Dit kan ook soos volg verduidelik word:

- ❖ ח (*chet*), soos reeds genoem: Die piktogram is ‘n muur of omheining. Die letter simboliseer dus ‘n plek wat omhein (ommuur) is en dus beskerming bied. Dit simboliseer ook lewe en lig. Die numeriese waarde (gematria; getalleleer) is 8 wat die getal is wat genade (*chanan*) en wysheid (*chokma*) verteenwoordig, asook ‘n nuwe begin!

- ❖ ם (*samech*): Die piktogram is ‘n geslote ring en is ‘n sinnebeeld van ewigdurende siklusse en van YHVH wat geen begin en geen einde het nie en wat alles omsirkel (omvou). Wanneer die letter *samech* as woord gespel word (סמך), vorm die letters die volgende akroniem: *salach* סלח (vergifnis); *mechal* מחל (kwytskelding); en *kaper* כפר (versoening). Om te vergewe, kwyt te skel en te versoen bring geestelike genesing (herstel).
- ❖ ד (*dalet*): Die piktogram is ‘n deur wat toegang tot ‘n ‘n huis of tent bied. Die gematria van *dalet* is 4 en verwys ondermeer na YHVH se wil hier op aarde.

Guns skilder dus vir ons ‘n prentjie van die siklusse van sonde en vergifnis. Telkens wanneer ons sondig (Torah oortree) beweeg ons uit onder YHVH se genade en dan is die enigste weg terug onder genade deur Yeshua wat die deur tot vergifnis is (Joh. 10:7 en 9). Ons word deur genade gered omrede ons guns by YHVH gevind het. Guns is die voorloper tot genade. YHVH se guns bied ons die geleentheid om telkens weer onder die beskerming van Vader-God se genade in te beweeg. Dit is Sy wil vir elkeen!

Guns is dit wat ons **nie** ontvang **nie**, hoewel ons dit verdien. So byvoorbeeld is die loon van die sonde die dood (Rom. 6:23) – dit is wat ons verdien, maar deur geloof (vertroue) in die sondevergifnis deur Yeshua word ons vrygespreek. Ons ontvang nie dit wat ons verdien nie. Genade is dit wat ons ontvang, hoewel ons dit **nie** verdien **nie**. Byvoorbeeld: Deur genade sonder verdienste word ons geregverdig deur geloof in Yeshua Messias (Rom. 3:24).

Guns neem ons uit die realm waar ons dit moet ontvang wat ons verdien en plaas ons in die realm van genade waar ons dit ontvang wat ons nie verdien

YHVH se genade en guns is verbondsterme. Dit is deel van die ou en die hernieuwe verbond! Genade en guns is deel van die hoedanighede van Vader-God wat gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde is. Daarom moet genade en guns ook deel wees van ons hoedanighede.

Aansluitend by *chanan* en *chesed* is die Hebreeuse woord *racham* (רחם) wat *ontferming*, *deernis*, *medelye* en *barmhartigheid* beteken. Byvoorbeeld in Ex. 33:19 het YHVH aan Moses gesê: *Ek sal al my majesteit by jou laat verbygaan en voor jou die Naam van YHVH uitroep; maar Ek sal genadig (chanan) wees vir wie Ek genadig wil wees, en My ontferm (racham) oor wie Ek My wil ontferm. Lees ook Eseg. 39:25 waar YHVH sê: ...en My ontferm oor die hele huis van Israel.*

Racham beteken ook die moederskoot en is ‘n sinnebeeld van die vertroeteling van ‘n baba in die moederskoot. Wanneer ons Torah-gehoorsaam lewe sal daar tye kom wanneer die Vader Hom oor ons sal ontferm en barmhartig wees – Vader-God sal ons vertroetel wanneer ons dit nodig het. Deur vertroue in Yeshua, en met ywerige Torah-gehoorsaamheid, word ons omring deur genade waar ons beskerming en vertroeteling vind!

Opsommend: Die betekenis van die Hebreeuse woorde vir genade, guns en barmhartigheid is dus ‘n openbaring van die Vader se hart en van Sy hoedanighede.

YHVH is waarlik ‘n God van genade onbeskryflik groot!!

Bepeins of Bespreek

1. Ken ons YHVH as Vader en God van genade, guns en barmhartigheid? Is hierdie hoedanighede deel van ons lewe? Moet ons nie ook genade, guns en barmhartigheid bewys ten einde dit ook te kan ontvang nie? Geld dieselfde beginsel as ten opsigte van

vergifnis, naamlik ons moet vergewe om vergewe te kan word (Matt. 6:14 en 15) ook vir genade, guns en barmhartigheid? Ons kan dit net ontvang indien ons dit aan ander betoon?

2. *Hebrew is the holy language that flows from the Torah, conveying God's will and His ways, His laws and His insights* (Israel365). Daarom is dit belangrik om die betekenis van sekere Hebreeuse woorde te verstaan, want dikwels in vertalings is dit verskuil!

Gelykvormig Aan Yeshua

Van die vele hoedanighede van YHVH is Sy genade, guns en barmhartigheid (ontferming; deernis) sekerlik van die belangrikste gesien uit die oogpunt van die mens. Ons hele lewensbestaan is daarvan afhanklik. Daarom is dit noodsaaklik dat hierdie hoedanighede van Vader-God ook inherent deel van ons elkeen se lewe moet wees.

Volgens Hebreeuse denke is dit gepas om ons Skepper na te boots, want dan sal ons die geheimenis van geskape na die beeld van YHVH en geskape in Sy gelykenis (Gen. 1:26) ontdek en verstaan. Hiervolgens word die beeld van YHVH as die fisiese ooreenkoms met YHVH beskou, hoewel YHVH nie 'n liggaam het nie, want Hy is Gees. Geskape na die gelykenis van YHVH word beskou as die dae en hoedanighede (Karakter en Outoriteit) van YHVH. Indien ons in fisiese ooreenkoms die hemelse gestalte aanneem, maar ons dae en hoedanighede dit nie reflekteer nie, dan is ons 'n verwronge beeld en 'n verwronge gelykenis van YHVH.

Die kernaspek van die verhewe gestalte van beide geskape na die beeld en in die die gelykenis van YHVH is derhalwe die dae en hoedanighede van YHVH. Elke mens reflekteer die beeld van YHVH, maar elkeen reflekteer nie altyd die dae en hoedanighede van YHVH nie. Daarom moet elkeen streef om YHVH na te boots sodat elkeen die dae en die hoedanighede van ons Skepper reflekteer. Ons is bestem om gelykvormig te word aan die beeld van Yeshua..

want die wat Hy vooruit geken het, dié het Hy ook vooruit gevorm om te lyk net soos die beeld van Sy Seun sodat Hy die Eersgeborene kan wees onder baie broers en die wat Hy vooruit gevorm het, dié het Hy ook geroep en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook onskuldig verklaar en die wat Hy onskuldig verklaar het, aan dié het Hy ook Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gegee. Rom. 8:29 en 30 – PWL.

Een van die mees uitstaande hoedanighede van YHVH is Sy bereidwilligheid om te vergewe. Inderwaarheid verwys hierdie na Vader-God se hoedanigheid om genade, guns en barmhartigheid te bewys op 'n wyse wat ons menslike verstand te bowe gaan.

Toe Moses hom op die genade van Vader-God beroep het, het hy die volgende gesê: *U het begin om u kneg u grootheid en u sterke hand te laat sien; want watter God is daar in die hemel en op die aarde wat sulke werke en sulke magtige dae kan doen soos U?* (Deut. 3:24).

Hoewel YHVH die Skepper van alles is, en daardeur Sy Almagtigheid openbaar, is Hy ook die Een wat ongeregtigheid vergewe. Die profeet Miga stel dit soos volg:

Wie is 'n God soos U, wat die ongeregtigheid vergewe en by die oortreding van die oorblyfsel van sy erfdeel verbygaan? Hy hou toorn nie vir ewig vas nie, maar het 'n welbehag in goedertierenheid. Miga 7:18.

Vader-God het 'n welbehag in goederterenheid (guns). YHVH, die Almagtige, is ook die Alvergewende. Hy hou nie vas aan die woede nie, maar het behag daarin om genade en guns te betoon. Die Almagtige wat die hele Skepping en alles wat dit bevat in Sy hand hou, is ook Liefde wat bereid is om die wat teen Hom sondig (Hom te nakom en verontreg) te vergewe. Hoewel Hy die Almagtige is, is Hy ook Liefde en Nederigheid. Wat 'n voorbeeld wat ons Hemelse Vader aan ons openbaar!

Indien ons die beeld en gelykenis van YHVH wil reflekteer, moet ons hierdie hoedanigheid van YHVH uitleef. Ons moet soos ons Skepper genade, guns en barmhartigheid toon aan die wat ons verontreg. Alleenlik dan sal ons die geheimenis van geskape na die beeld en gelykenis van YHVH ontdek. Dan sal ons die seën daarvan in ons lewens ervaar.

*YHVH pardons like a mother, who kisses the offense into everlasting forgetfulness –
Henry W. Beecher*

Bepeins of Bespreek

1. Ps. 66:12 – *U het mense oor ons hoof laat ry; ons het in die vuur en in die water gekom, maar U het ons uitgelei in die oorvloed.* Dikwels gaan 'n lewe van oorvloed in Yeshua gepaard met loutering (suiwering)(Ps. 66:10) deur YHVH se vuur en wassing deur die waterbad van Torah (die Woord – Ef. 5:26). *Abundance is often measured in wisdom and knowledge of Himself. Real wisdom comes from the kinds of experiences that come only through the deepest tests. God's measuring stick is the character and likeness of Messiah in each of us. This cannot be gained through a life of ease and pleasure. Ease and pleasure fail to refine* (Anonomoys).
2. Om gelykvormig aan Yeshua te wees, beteken ook bereidwilligheid om vervolgt te word! Indien ons nie nou bereid is om die waarheid van geloof in Yeshua en Torah-gehoorsaamheid openlik aan almal te verkondig en daarvolgens te lewe nie, en dit terwyl ons slegs verwerping en vernedering deur geliefdes en vriende in die gesig staar, hoe sal ons dan die moed hê om hierdie waarheid te verkondig, te verdedig en te lewe terwyl ons arrestasie, wetlike vervolging en selfs marteling in die gesig staar. Onthou die Skrifte waarsku ons dat so 'n tyd sal kom!! Is jy bereid en voorbereid?

Deut. 3:26 - Wanneer Vader-God 'Nee' sê!

maar יהוה was kwaad vir my, as gevolg van julle en wou nie na my luister nie. יהוה het vir my gesê: 'Genoeg! Moenie verder met My oor hierdie saak praat nie. Deut. 3:26 – PWL

Wanneer ons ons op die genade, guns en barmhartigheid van YHVH beroep is dit om voor die Vader te staan en daarvoor te vra en selfs te smek. Dit is wat Moses gedoen het toe Hy voor YHVH gestaan het en gevra het om die Beloofde Land in te gaan! Die gematria van *Va'etchanan* is 515 en daarom word volgens oorlewering geglo dat Moses 515 keer YHVH gesmeek het om die Beloofde Land in te gaan. Van al die Israeliete het Moses dit sekerlik 'verdien' om Kanaän saam met die volk in besit te neem! Maar YHVH se antwoord aan Moses was egter: *Dit is nou genoeg! Moenie verder met My oor hierdie saak spreek nie.*

Die vraag is nou: Hoe moet ons reageer wanneer Vader-God vir ons 'Nee' sê vir dit wat ons met smeekbede vir Hom vra? Die antwoord vind ons in hoe die geloofsreus van ouds, asook Yeshua, in sulke situasie gereageer het.

Toe Koning Dawid se seun, na sy buite egtelike verhouding met Batseba, ernstig siek geword het, het hy YHVVH gesmeek om sy seun te spaar. Dawid het gevas en *die hele nag deur op die grond gelê* (2 Sam. 12:16). Nogtans het die kind op die sewende dag gesterf! Nadat Dawid die tyding van sy kind se dood ontvang het, het hy soos volg daarop gereageer:

Toe het Dawid van die grond opgestaan en hom gewas en gesalf en ander klere aangetrek en in die huis van YHVVH gegaan en aanbid. Daarop het hy in sy huis gekom en gevra dat hulle brood aan hom moet voorsit; en hy het geëet. (2 Sam. 12:20).

Vir Dawid se dienaars was hierdie reaksie van hul koning onverstaanbaar. Dawid se antwoord aan hulle was egter selfverduidelikend van hoe ons ook in sulke situasie moet reageer: *Toe die kind nog in die lewe was, het ek gevas en geweene, want ek het gedink: Wie weet – YHVVH kan my genadig (chanan) wees, sodat die kind in die lewe bly. Maar nou is hy dood – waarom sou ek dan vas? Sal ek hom nog kan terugbring? Ek gaan na hom, maar hy sal na my nie terugkeer nie.* (2 Sam. 12:22 en 23). Dawid het berus in die finaliteit van YHVVH se besluit!

Let egter op wat volg na hierdie hartseer gebeure: Salomo word gebore (2 Sam. 12:24) – die man wat YHVVH se Tempel sal bou! As te ware het daar uit Dawid se hartseer iets nuuts ontstaan wat YHVVH se Gemanifesteerde Teenwoordigheid sou openbaar. Is dit nie genade, guns en barmhartigheid nie?

Paulus is nog 'n voorbeeld van berusting wanneer Vader-God 'Nee' antwoord op dit wat ons begeer. Ten opsigte van die doring in sy vlees het Paulus drie keer gevra dat hy daarvan verlos moet word. YHVVH het egter vir Paulus geantwoord: *My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring* (2 Kor. 12:8 en 9). Paulus se reaksie hierop was:

Baie liefier sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Die Geselfde Een in my kan woon. Daarom het ek behae in swakhede, in mishandelinge, in node, in vervolginge, in benoudhede, om Messias wil. Want as ek swak is, dan is ek sterk (2 Kor. 12:9 en 10).

Hierdie doring in Paulus se vlees het gemaak dat hy afhanklik gebly het van YHVVH se genade. Die les hieruit is om te alle tye te onthou dat Vader-God se genade vir ons genoeg is om ons deur alle omstandighede te dra.

Selfs Yeshua het by geleentheid op Sy aangesig voor YHVVH geval en gevra: *My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil* (Matt. 26:39). YHVVH moes ook vir Sy Geliefde Seun 'Nee' sê, want daar was geen ander wyse waarvolgens God se plan van sondevergifnis voltooi kon word nie. Hoewel Yeshua met groot benoudheid begrip gehad het van Sy lydingsdood wat op hande was, het Hy berus by God se raadsplan en gesê: *My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied* (Matt. 26:42). Al was Yeshua die Seun van YHVVH het Hy gehoorsaamheid geleer deur wat Hy gely het (Heb. 5:8).

Die lewensles wat Moses, Dawid, Paulus en Yeshua ons leer, is dat daar tye in ons lewens gaan wees waar Vader-God ons smeekgebede met 'n besliste 'Nee' gaan antwoord wat vir ons hartseer en lyding gaan meebring. Maar wanneer ons berus by YHVVH se soewereine besluit in hierdie situasies, dan sal ons gevorm word om gelykvormig aan Yeshua Messias te word. Ons kan berus in die feit dat dit deel is van YHVVH se plan vir ons. Ons kan berus in die feit dat YHVVH deur ons situasie Sy heerlikheid wel bekend sal maak – op Vader se wyse en tyd!.

Wanneer ons met 'n nee-antwoord gekonfronteer word, en dit so aanvaar, dan is daar steeds die volgende geslag vir wie ons moet bemoedig en leer. Daarom het YHVH vir Moses gesê: *Gee dan bevel aan Josua, en versterk hom en bemoedig hom, want hy sal voor hierdie volk uit deurtrek, en hy sal hulle die land wat jy sal sien, laat erwe* (Deut. 3:28).

Dit moet ook vir ons 'n vertroosting wees dat ons kinders dit sal ontvang waarvoor ons YHVH vertrou het. Ons geestelike voorgeslagte is immers hiervan 'n voorbeeld, soos wat dit in Heb. 11:13 tot 16 opgeteken is:

In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was. Want die wat sulke dinge sê, verklaar dat hulle 'n vaderland soek. En as hulle bly dink het aan dié vaderland waaruit hulle weggetrek het, sou hulle geleentheid gehad het om terug te keer. Maar nou verlang hulle na 'n beter een, dit is 'n hemelse. Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n stad berei.

Moses is ook die bewys dat die voorspoedlering (*prosperity teaching; name it and claim it!*), of om Satan te bestraf en te bind oor finansies, of om jou finansies in vrugbare grond te saai (*name your need when you sow your seed*) nie die 'resep' is om die begeertes van jou hart te ontvang nie. As dit waar sou wees dan sou dit vir Moses tog gewerk het?! Ons ontvang seëninge alleenlik deur gehoorsaamheid aan Torah, naamlik om die verbondsvoorwaardes na te kom (Deut. 7:7 tot 13). En selfs dan is dit steeds YHVH se soewereine wil wat sal geld.

Bepeins of Bespreek

1. Tog is daar verskeie Skrifverwysings met die belofte dat alles wat ons in die gebed vra sal ons ontvang (Matt.21:22). Ook Mat 7:7 lees: *Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word.* Hoekom is daar situasies waar YHVH-God gebede verhoor en situasies waar Hy dit nie verhoor nie?

Deut. 4:1 tot 40 – 'n Torahleefwyse Van Hoor En Doen!

Hoor En Doen

Luister dan nou, Israel, na die insettinge en die verordeninge wat ek julle leer om te doen.
Deut. 4:1

'n Torah-leefwyse behels om te luister (Hebreeus: *sh'ma*) na die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH en dit dan nougeset toe te pas (Hebreeus: *asah*). Die beginpunt is geloof, naamlik vertrou dat in Yeshua is die aanklagte van ongehoorsaamheid aan Torah uitgewis. Tweedens vereis dit geloof (vertroue en getrouheid) dat Torah die Vader se wil vir elk van Sy kinders is. Op geloof, en as deel daarvan, volg die doen, naamlik die werke van Torah. 'n Torah leefwyse behels om sekere dinge te doen, en ander dinge nie te doen nie. Hierdie dinge is die onderrig en instruksies van YHVH wat ons in die lig van ons openbaringskennis van die Woord met wysheid toepas.

Moses herinner die volk om te luister (*sh'ma*) na YHVH se onderrig en instruksies en dan dit wat hulle gehoor het deur gepaste handeling op te volg, naamlik om dit te bewaar (*sh'mar*) en te doen (*asah*). Om YHVH se onderrig en instruksies te hoor, maar dit nie toe te pas nie, is nutteloos, want dit is oortreding van die Torah (sonde) en gelykstaande om jouself te bedrieg. Lees ook Deut. 28:1, 2 en 15 in die verband.

Soos reeds genoem is die Hebreuse woord vir *hoor* of *luister* שמע (*shâma*) en word as *shaw-mah* of *sh'ma* getransliterer. Volgens Strong's Hebrew an Greek Dictionary (H8085) beteken dit: *to listen to, to give heed to, to hear with attention or interest, to consent or agree, to yield to, to obey or be obedient to, to regard, to respond to (as a summons), and to cause to hear (to publish)*. Hierdie woord kom volgens Strong's sowat 1159 keer in die Skrifte van die ou verbond voor.

William Bullock (Rabbi's Son) beskryf die betekenis van *sh'ma* volgens Hebreuse denke soos volg: *"listen, and pay full attention, as if your life depended on it; AND once you have paid attention, and have heard what is said, begin immediately to incorporate what has been said into your life, AND adapt every aspect of your thought life, speech, and conduct to what you have heard, AND begin to meditate on and memorize it, AND teach it to your children AND walk it out tangibly so as to demonstrate it to the world, until you, and the world around you, is transformed into the image of the words you hear."*

Hierdie maak die verskil tussen die Westerse en Hebreuse denke baie duidelik. Volgens Hebreuse denke het 'n woord soos *sh'ma* (*hoor* of *luister*) 'n baie meer omvattende betekenis en met 'n opvolgende handeling en verandering wat 'n bepaalde eindresultaat lewer wat in ooreenstemming is met die woorde van die een wat dit gespreek het. Volgens Westerse denke behels die betekenis van *hoor* of *luister* nie noodwendig enige opvolgende handeling, verandering of resultaat nie – dikwels niks meer as intellektuele kennis nie!

Om te *sh'ma* is dus om te hoor wat YHVH sê en dit te bewaar (*sh'mar*)² en presies daarvolgens te handel (*asah*)³. Dit is om onvoorwaardelik te glo tot die mate dat enige vorige denke, houdings, prioriteite, menings en geloofsoortuigings onmiddelik vervang word. Om die woord van YHVH (Torah) te hoor is om enige vorige denke en optrede onmiddelik te verander of aan te pas om in absolute ooreenstemming te kom met dit wat deur YHVH gespreek is.

Die *sh'ma* beginsel is om te hoor (te luister) asof jou lewe daarvan afhang. Dit is soos die reddingsboei wat na die drenkeling gegooi word. Hy bepeins en oordink nie wat sy volgende aksie gaan wees nie. Nee, hy gryp (*sh'mar*) die geleentheid wat gebied word en handel (*asah*) presies volgens die instruksies van die lewensredder.

Sha'mar beteken wagter (brandwag) en dus om wag te staan en te beskerm. Elkeen wat die woorde van Torah hoor (*sh'ma*) moet daarvoor wagstaan (*sh'mar*) en dit beskerm sodat nie een woord verlore gaan nie en sodat elkeen presies volgens die woord kan handel (*asah*).

Jakobus bevestig hierdie waarheid in sy brief soos volg:

En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie. Want as iemand 'n hoorder van die woord is en nie 'n dader nie, dié is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien; want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen. Jak. 1:22 tot 25.

² *Sh'mar* – om te omhein (soos met dorings), om wag te staan, om te beskerm, te bewaar, ag te gee daarop, op te let na, noulettend te wees, op jou hoede te wees, te handhaaf, te hou (soos gehoorsaam te wees)

³ *Asah* – te doen, uit te voer, te vervul, te vorm, voor te berei, te maak.

Volgens Jak. 1:21 moet ons 'n sagmoedige, naamlik 'n ontvanklike en leerbare gees hê wat luister na die ingeplante woord – Die Woord van YHVH (Yeshua die Lewende Torah) wat in ons verstand gegee en op ons hart geskryf is (Heb. 8:10). Hierdie is die redding van die siel omrede dit die wil, die denke, die redenasie en die emosie rig volgens Vader YHVH se wil. Deur te reageer op Torah bring ons ons sielsrealm in ooreenstemming met Vader-God en Sy Woord.

Volgens Jak. 1:22 moet ons dit wat Torah leer, gaan doen. Ons moet dit nougeset uitvoer en daarvolgens lewe. Indien ons dit net hoor en nie doen nie, dan mislei ons onself omrede ons sielsredenasies volgens ons wil en nie volgens die van YHVH is nie. Dan rig ons ons eie geregtigheid op (Rom. 10:3).

In Jak. 1:23 en 24 leer ons dat diegene wat Torah net hoor sonder om dit te doen, soos iemand is wat in 'n spiël kyk en dan weggaan en vergeet hoe hy lyk. Sommige hoor die woord, maar dit maak geen indruk op hulle nie en daarom vergeet hulle dit. Hulle sielsrealm is nog nie 'gered' nie (vers 21). Die waarskuwing aan diegene is vervat in Matt. 7:21 tot 23, naamlik:

Nie elkeen wat vir My sê: 'My Meester, my Meester,' sal ingaan in die Koninkryk van die hemel nie, maar hy wat die wil van My Vader, wat in die hemel is, doen. Op daardie dag sal baie vir My sê: 'My Meester, my Meester, het ons nie in U Outoriteit en Karakter (Naam) geprofeteer en in U Outoriteit en Karakter demone uitgedryf en in U Outoriteit en Karakter baie kragtige dade gedoen nie?' Dan sal Ek vir hulle sê: 'Ek het van die begin van tyd af nie met julle 'n verbondsooreenkoms gehad nie. Gaan ver weg van My af, julle wat teen die wet werk!' (PWL).

Volgens Jak. 1:25 sal elkeen wat met toegewyde aandag na Torah luister, asook moeite doen om dit te verstaan en dit dan gaan toepas, voorspoedig wees in alles wat hy doen, naamlik in sy werke (dade) – die dinge van Torah waarmee hy hom besig hou. Hy word nie geseën vir sy dade nie, maar word **in** sy dade geseën. Elkeen het die keuse (die vryheid) om te kies of hy net 'n hoorder gaan wees en dit dan vergeet en of hy dit hoor om dit te gaan doen.

Ek roep die hemel en die aarde vandag as getuies teen julle; dat ek lewe en dood voor julle geplaas het, die seën en die vloek. Kies dus die lewe sodat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur יהוה, jou God, lief te hê, deur Sy stem te gehoorsaam en aan Hom vas te hou, want dit is jou lewe en die lengte van jou dae sodat jy kan woon in die land wat יהוה aan jou vaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee." Deut. 30:19 en 20 – PWL.

Volgens Jak. 2:14 tot 26 is die geloof (vertroue) van die mens wie se werke nie sy geloof bevestig nie, nutteloos. Hierdie tipe geloof kan hom nie red nie (Jak. 2:14, 17, 20 en 26).

Dit is bevestiging dat geloof nie die werke, naamlik die toepassing en uitvoering van Torah, vervang het nie. Werke van Torah opsigself kan die mens nie red nie, maar geloof sonder werke (Torah) kan die mens ook nie red nie. Die twee loop hand aan hand – eers geloof en dan die werke wat die bewys en bevestiging is van dit wat geglo word.

Jakobus verduidelik dit aan die hand van hulpverlening (barmhartigheid) aan die wat gebrek het (Jak. 2:15 tot 17). Geloof in YHVH vereis dat ons ons naaste lief moet hê soos onself (Matt. 22:37 tot 40). Maar om lief te hê met woorde sonder die dade wat die liefde bevestig en bewys, is nuttlose geloof en liefde (1 Joh. 3:18). So 'n mens se geloof in Yeshua Messias

as sy versoening met YHVH is nutteloos, want sy weiering om te doen soos Torah beveel, ‘neutraliseer’ sy geloof.

As bewys van bogenoemde word die voorbeeld van Abraham voorgehou (Jak. 2:21 tot 23). Abraham se geloof het gepaard gegaan met werke toe hy die instruksie van YHVH uitgevoer het deur vir Isak te gaan offer. Sy geloof het saamgewerk met sy werke en sodoende het sy geloof volkome geword.

Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie? Jak.2:24.

Die voorbeeld van Ragab is verdere bevestiging hiervan, naamlik dat geloof en werke hand-aan-hand gaan (Jak. 2:25).

Geloof en werke vorm dus ‘n onafskeidbare eenheid. *Net soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood* (Jak. 2:26).

Bepeins of Bespreek

1. Indien geloof (vertroue) deur werke bevestig moet word en deel van ons redding moet vorm soos ons in Jakobus 2 geleer het, is die vraag hoe dit dan versoen word met Paulus wat leer dat redding alleen deur geloof is? Verwys Rom. 3:28; Rom. 10:13; Efes. 1:13 en 14; Efes. 2:8 en 9.

Die Onveranderde Woord Van YHVH

Julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die gebooie van YHVH julle God mag onderhou, wat ek julle beveel.
Deut. 4:2

Hierdie opdrag word in Deut. 12:32 en Open. 22:18 en 19 herhaal. Die doel van hierdie opdrag is sodat die mens moet bly by die oorspronklike onderrig en instruksies soos YHVH aan Moses gegee het en nie links of regs daarvan afwyk nie (Jos. 1:7). Geen jota (*yod*) of titteltjie van die Torah mag verander word nie (Matt. 5:18) sodat die mens wat nougeset volgens al YHVH se onderrig en instruksies handel, voorspoedig in alles kan wees (Ps. 1:1 tot 3).

Yeshua het gewaarsku teen die wat die gebooie van God verander toe Hy gesê het: *Waarom oortree julle ook die gebod van God ter wille van julle oorlewering? So het julle dan die gebod van God kragteloos gemaak ter wille van julle oorlewering* (Matt. 15:3 en 6).

Die oorlewering van mense sluit die verklaring (verduideliking) van die Skrifte in deur mense wat Torah (die wet) verwerp as uitgedien. Dan word die Skrifte die lering van mense! In die verband het Yeshua gesê: *Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is. Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas* (Matt. 7:7 en 8). Daarom vind ons so ‘n groot verskeidenheid van vertalings van die Skrifte waar elkeen sy eie stempel van begrip daarop plaas en daarom sien ons talle vertalings verskille (foute), soos byvoorbeeld:

- ❖ Verwys Joh. 1:17 in ondermeer Lewende Bybel, KJV en RKJV waar die woord *maar* (*but*) ingevoeg is tussen die gee van die wet en die ontvang van genade. Dit skep foutiewelik die indruk dat die wet deur genade vervang is! Dit behoort te

lees: *want die wet is via Moshe gegee; die onverdiende guns en die waarheid het via Yeshua, Die Gesalfde Een, bestaan* (PWL Vertaling).

- ❖ Vergelyk Mark. 16:16 in die Afrikaanse Nuwe Vertaling wat lees: *Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word*, met die ou (korrekte) vertaling wat lees: *Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word!!*
- ❖ Indien die KJV met die NIV vergelyk word dan is die volgende teksverse nie in die NIV nie: Matt. 17:21; 18:11; 23:14, Mark. 7:16, Luk. 17:36; 23:17; Joh. 5:4, Hand 8:37; 28:29, Rom. 16:24 and 1 Joh. 5:7.
- ❖ Let op Matt. 27:9 wat verwys na Jeremia, terwyl dit Sagaria moet wees (Sag. 11:12 en 13)!
- ❖ In Heb. 8:13 en 9:1 is die woord *verbond* bygevoeg, wat die indruk laat dat die ou verbond verval het en met die nuwe verbond vervang is. Hierdie twee teksverse verwys egter na die verandering in die priesterorde en offerandes soos wat dit in Hebreërs hoofstuk 7 verduidelik word – let veral op vers 12.

Bogenoemde is bevestiging hoekom sogenaamde ‘nuwe’ of ‘moderne’ vertaling met groot versigtigheid gelees moet word. Hierdie dien ook as bevestiging hoekom Skrifgedeeltes en teksverse altyd in konteks gelees en verklaar moet word!

Bepeins of Bespreek

1. Vertalers het die keuse om die oorspronklike Skrifte letterlik te vertaal of om dit te vertaal op ‘n wyse wat die gedagtes en bedoelings van die skrywer weergee. Kan ons in die lig van Deut. 4:2; 12:32 en Open. 22:18 en 19 verklaar dat alle vertalings (of enige vertaling?) van die Skrifte deur die Afgesonderde (Heilige) Gees geïnspireer is en dus die onfeilbare woord van YHVH is?
2. Wat is die oplossing van die probleem? Moenie enige vertaling vertrou nie? Ondersoek die oorspronklike betekenis van ‘n woord en teksvers in die lig van die kultuur, konteks en taal; Met hierdie kennis kan jy begin om dit toe te pas om die Vaderhart te verstaan en dit toe te pas in jou lewe.

Torah Is Wysheid en Verstand

Onderhou dit dan en doen dit; want dit is julle wysheid en julle verstand voor die oë van die volke wat al hierdie insettinge sal hoor en sê: Waarlik, hierdie groot nasie is ‘n wyse en verstandige volk. Deut. 4:6

Om Torah-gehoorsaam te wees is kennis en wysheid wat so sigbaar sal wees dat ander volke sal erken dat Israel ‘n wyse en verstandige volk is. Om Torah-gehoorsaam te lewe is om soos lig en soos sout (Matt. 5:13, 14 en 16) in hierdie wêreld te wees.

Torah is al die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH, ons liefdevolle Vader, soos in die eerste vyf boeke van die Skrifte vervat is en wat die basis van ons geloof in Yeshua as Messias is en dus van ‘n lewe as ‘n geregverdigde. Torah vorm ook die basis – die vertrekpunt – van ons verhouding met YHVH Yeshua.

Die *Torah* kan ook as ons leermeester beskou word, naamlik die een wat ons leer en lei op ons lewenspad van geloof en gehoorsaamheid aan YHVH. Yeshua Messias is die Woord van God wat vlees geword het (Joh.1:1, 2 en 14) en in die sin is Yeshua ook ons *Torah* (leermeester). Die Afgesonderde (Heilige) Gees gebruik die *Torah* as basis om ons te leer en te herinner aan YHVH se wil vir ons (Joh. 14:26) en soos wat dit deur Yeshua vervul is, naamlik bevestig, bekragtig en nuut gemaak is. Onthou: Die Afgesonderde Gees het in die plek van Yeshua gekom!

Torah is 'n demonstrasie van die verhouding tussen 'n vader en sy kind. Die taak van 'n vader is die volgende:

- ❖ Om sy kind te onderrig. Op die wyse word die kind geleer en verkry hy kennis.
- ❖ Om sy kind instruksies te gee. Hierdie is die moets en moenies van die lewe. Dit is die voorskrifte, wette en beslissings wat van toepassing is op die onderrig (kennis) wat die kind ontvang het.
- ❖ Om 'n rolmodel vir sy kind te wees van hoe kennis en instruksies op 'n voordelige wyse toegepas word. Hierdie is die leerstellings van die lewe wat die openbaringskennis van wysheid en insig is. Kennis is dit wat jy leer; wysheid en insig word verkry deur die praktiese toepassing van kennis en instruksies waar te neem.

Onderrig en instruksies is oorvleulend en onlosmaakbaar aan mekaar verbind. Kennis sonder instruksies, asook die omgekeerde, is nutteloos. Waarneming van 'n vader se optrede, naamlik sy woorde, dade en praktiese toepassing van kennis, gee wysheid en insig aan die kinders. Hoe beter 'n kind onderrig is en hoe meer volledig die instruksies is wat hy ontvang het, hoe makliker is dit vir hom om wysheid en insig te bekom. Wysheid en insig is die vermoë om kennis en instruksies aan te wend ten einde die regte lewensbesluite te neem wat voorspoed en sukses verseker.

'n Vader gee onderrig en instruksies aan sy kind omrede hy vir hom of haar liefhet. Sy doel is dat sy kind 'n suksesvolle en geseënde volwasse lewe sal hê. Hy begeer dat dit met sy kind goed moet gaan.

Onder die hernieude (nuwe) verbond het YHVH die verantwoordelikheid as Vader hernu om elkeen wat deur geloof in Yeshua met Hom versoen is te leer en te lei. As ons Hemelse Vader gee Hy aan ons, Sy kinders, ook onderrig en instruksies en is Hy ook ons rolmodel wat ons die openbaringskennis van wysheid en insig gee (Matt. 11:29; Joh. 7:16). Dit alles doen Hy deur Sy Torah wat Hy aan ons gegee het en met die hulp van Sy Gees.

Onder Sy genade het Vader-God vir ons Yeshua gegee wat 'n lewende demonstrasie van Torah was, en tweedens gee Hy aan ons elkeen Sy Gees wat ons sal leer en sal lei aangaande alles wat in Torah (die Woord) opgeskryf is (Joh. 14:26). Sy genade en liefde vir ons is so groot dat Hy dit alles by wyse van 'n verbond met ons bevestig en bekragtig het. Lees Heb. 8:10 tot 12.

Vader-YHVH het aan ons Sy *Torah* gegee omrede Hy vir ons lief is. Al Sy onderrig, instruksies en leerstellings is aan ons gegee sodat ons volkome voorbereid en toegerus kan wees vir elke goeie werk (2 Tim. 3:16 en 17). Daarom is *Torah* nie bedoel om YHVH se straf te wees nie, maar om die mens daarmee te seën. Torah is Vader-God se liefde in aksie.

Misleiding En Afgodery

Neem julle dan terdeë in ag ter wille van julle siele..... sodat julle nie verderflik handel deurdat julle vir julle 'n gesnede beeld, 'n gelykenis van enige afgodsbeeld, maak nie. Deut. 4:15 en 16.

By herhaling het YHVH vir Israel gewaarsku teen afgodery. In Deut. 4:25 tot 29 profeteer Moses dat weens Israel se afgodery in Kanaän sal hulle onder die nasies verstrooi word.

Ons het reeds in Parashah 44 die volgende ten opsigte van afgodery gesê, naamlik dat dit die behoefte aan 'n god is en om dan 'n god te skep en te besluit wat die naam van die god is, wat sy hoedanighede (eienskappe; kenmerke; karakter; vermoë) is en hoe die verhouding met hierdie god moet wees. Dikwels word sekere hoedanighede van YHVH aan hierdie afgod(e) gegee. Onthou: Torah beskryf die hoedanighede van YHVH. Daarom: Om Torah, of enige deel daarvan te verwerp, is om 'n afgod te maak wat slegs sekere van YHVH se hoedanighede bevat.

Die oorsprong van afgodery is die volgende:

- ❖ Kulturele vermenging met volke (groepe) wat nie YHVH volgens Torah dien nie.
- ❖ Geestelike misleiding weens gebrek aan kennis van YHVH se geregtigheid.
- ❖ Sedelike en morele verval wat van die mens 'n (self)god maak.

Kulturele vermenging: In Deut. 7:1 tot 5 waarsku YHVH die volk teen kulturele vermenging met heidenvolke, asook die redes daarvoor:

As יהוה, jou God, jou inbring in die land waarheen jy gaan, om dit te besit en Hy baie nasies voor jou uitgooi het: die Hettiete, Girgashiete, Emoriete, Kena'aniete, P'riziete, Hiviete en Y'vusiete, sewe nasies, groter en magtiger as jy en wanneer יהוה, jou God, hulle aan jou oorgegee het, sal jy hulle verslaan en hulle vernietig tot uitwissing; jy mag geen verbond met hulle maak en hulle geen guns bewys nie en jy mag nie met hulle trou nie; jy mag nie jou dogter gee aan sy seun en nie sy dogter vat vir jou seun nie, want hulle sal jou seuns van My af laat wegdraai, om ander gode te dien en die woede van יהוה sal teen julle brand en jou vinnig vernietig, maar julle moet hulle so behandel: julle moet hulle altare omgooi, hulle pilare stukkend breek en hulle Astarte beelde omkap en hulle gekerfde beelde met vuur verbrand, want jy is 'n afgesonderde volk tot יהוה, jou God; יהוה, jou God, het jou vanuit al die volke wat op die aarde is, gekies om 'n volk vir Sy eie besit te wees. (PWL)

Die grootste deel van die Christendom verontagsaam hierdie opdrag, want daar is 'n steeds groeiende beweging wat godsdienstige eenheid, bekend as godsdienstige ekumenisme (universiële godsdienste), op verskillende wyses bevorder. Hierdie beweging het die klem vanaf teologiese verskille verskuif na areas van gemeenskaplike belang wat vrede kan bevorder. Samewerking terwille van die sosiale en ekonomiese welvaart van alle mense word die doelwit. Die boodskap wat uitgedra word is dat ons nie regtig soveel van mekaar verskil nie. Die Wikipedia definieer ekumenisme as: *“in its broadest sense, a worldwide religious unity by the advocacy of a greater sense of shared spirituality across the three Abrahamic faiths of Judaism, Christianity, and Islam”*

Is die ekumeniese beweging Skriftuurlik? Die antwoord is ‘n besliste ‘Nee’, want ekumenisme vereis dat die Woord van YHVH verwaarloos en afgewater word. Dit herken nie die Afgesonderde Skrifte as die hoogste gesag nie, maar dat ‘n geestelike ervaring bo die waarheid verhewe is; dat die mens sentraal staan en ‘n keuse het van die pad van redding wat hy wil volg, asook dat enige teregwyding en openbaarmaking van misleiding verdeeldheid veroorsaak en liefdeloos is. Die waarheid word verruil vir sogenaamde eenheid en vrede. Ekumenisme vereis dat jy afstand moet doen, of minstens aanpassings moet maak, ten opsigte van sekere kernwaarhede van jou geloof. Alles terwille van eenheid en vrede.

MAAR die belangrikste: Ekumenisme ontken dat YHVH die Enigste Ware Lewende Skepper-God is met Oppergesag oor alles en almal.

Die Woord van YHVH rig ‘n baie duidelike waarskuwing ten opsigte van geloofseenheid tussen verskillende gelowe, naamlik:

Moenie saam met ongelowiges gejuk wees nie. Watter deel het onpartydige opregtheid met die oortreding van die wet en watter gemeenskap het lig met die duisternis? Of watter ooreenstemming het Die Gesalfde Een met die teëstander; of watter deelname het die wat vertrou met die ongelowige? Watter ooreenkoms het die tempel van God met demone? Julle is die tempel van die lewende God, net soos gesê is: “Ek sal in hulle bly en Ek sal in hulle leef en Ek sal hulle God wees en hulle sal vir My ’n volk wees. “As gevolg hiervan,” sê יהוה⁴, “gaan van tussen hulle uit, skei jou af van hulle, raak nie die dinge wat onrein is, aan nie” en Ek sal julle ontvang en Ek sal vir julle ’n Vader wees en julle sal vir My seuns en dogters wees,” sê יהוה, wat almal vashou. 2 Kor. 6:14 tot 18 – PWL.

Geestelike misleiding weens gebrek aan kennis van YHVH se geregtigheid. Die sleutel tot die kennis van YHVH is die Torah, want hierin word die hoedanighede, karakter en outoriteit van YHVH bekendgestel. Torah is die onderrig en instruksies van YHVH, maar juis hierin is die kennis van YHVH opgesluit.

Torah is die fondament van die geloof in Yeshua Messias en daar kan op geen ander fondament gebou word nie (1 Kor. 3:11). Daarom is die hernieude verbond in die ou verbond verskuil en word die ou verbond in die hernieude verbond bevestig. Sonder die onderrig en die instruksies van die Torah sal ons soos ‘n volk wees wat ten gronde gaan weens ‘n gebrek aan kennis van YHVH (Hos. 4:6). Indien ons YHVH se Torah vergeet, sal Hy ons kinders vergeet. Ons gebrek aan kennis van YHVH veroorsaak dat ons in ballingskap gaan (Jes. 5:13) – ons word hongerlyers en versmag van dors. Sonder kennis van die onderrig en instruksies van YHVH, en die toepassing daarvan in ons alledaagse lewe, sal ons wees soos die dwase man wat sy huis op sand bou en wat nie die storms sal kan trotseer nie (Matt. 7:24 tot 27).

Sonder die onderrig en instruksies van Torah sal ons nie YHVH se geregtigheid ken nie. Gebrek aan kennis van YHVH se geregtigheid veroorsaak dat mense mislei word en hulle eie geregtigheid oprig (Rom. 10:1 tot 3). Dit is die oorsprong van misleiding wat dwaallering tot gevolg het.

Kulturele vermenging en gebrek aan kennis van die Woord van YHVH, veral van die Torah, is die oorsaak van sinkretisme, naamlik die vermenging van godsdienste en dus geestelike misleiding. Die mees bekende voorbeelde is die viering van Kersfees en *Easter*.

Elemente van Katolisisme, Budisme en Hinduïsme word ‘n alledaagse verskyning in Christen gemeentes en denominasies. Praktyke van meditasie en ‘soaking’, ‘centering prayer’ (ook bekend as ‘contemplative prayer’), wierook wat gebrand word, dreunsang en die stigting van

sentrums vir Christelike spiritualiteit waar Oosterse wysheid ook verkondig word, het die Christendom binnegedring. Selfs die vermenging van die Christengeloof en Islam (bekend as Chrislam) is reeds aanvaarbaar in sommige denominasies.

Sedelike en morele verval. Humanisme en oordrewe selfisme is die oorsaak dat die mens homself as god beskou. Die bevrediging van die siel en liggaam word die dryf om die god van selfisme te bevredig. Die liefde vir YHVH en die liefde vir naaste word vervang met die liefde vir die eie-ek.

Bepeins of Bespreek

1. Wat is die maatstaf of jy YHVH of 'n afgod dien? Kyk na watter van die 10 gebooie jy onderhou – al tien of net nege!! Onthou: die tien gebooie is die **tien woorde** (*asarah dabar*) van YHVH (Ex. 34:28; Deut. 4:13 en Deut. 10:14) en is die basis (opsomming) van die hele Torah (van al die woorde van YHVH).
2. Pornografie is soos die dogters van die Moabiete wat die mans van YHVH se volk verlei tot seksuele sonde en afgodery (Num. 25:1 tot 3).
3. Lees Psalm 1 in die lig van die betekenis van *sh'ma*, *sh'mar* en *asah*. Wie sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome? Wie sal suksesvol wees in alles wat hy doen? Wie sal wees soos die kaf wat die wind verstrooi?
4. Wie is die outeur wat tot Torah toevoeg of van Torah wegneem? Verwys Gen. 3:1 en Matt. 4:3 en 4. Onthou: Satan ken die Skrifte beter as die meeste Christene, maar hy bly steeds Satan – die teenstander van YHVH se Torah.
5. Lees Rom. 8:14. Wat beteken dit om deur die Gees van God gelei te word? Word die wat moedswillig aan Torah ongehoorsaam is deur die Afgesonderde Gees gelei? Kan 'n profetiese woord van YHVH deur so 'n persoon gebring word?
6. Die sleutel tot kennis en gemeenskap (*fellowship*) met Vader-God is gehoorsaamheid aan die Woord (die Torah) van YHVH (1 Joh. 2:3). Indien ek nie Vader-God se gebooie bewaar nie, is ek 'n leuenaar (1 Joh. 2:4). Hoe maklik is dit om jouself te mislei deur te dink dat jy gehoorsaam is?
7. Deuteronomium hoofstuk 28 is bevestiging dat Torah-gehoorsaamheid YHVH se seëninge meebring, terwyl ongehoorsaamheid aan Torah YHVH se oordeel (vloeke) tot gevolg het. Is moedswillige Torah-ongehoorsaamheid dan nie om jouself te vervloek nie? Yeshua het ons herinner dat dit die Woord is wat ons sal oordeel (Joh. 14:28).
8. Wat as ons YHVH van sekere dinge beskuldig, maar waaraan Hy onskuldig is (Num. 1:27)? Maak ons dan nie ook vir ons 'n afgod nie? Dikwels sal gelowiges sekere dinge as die wil van Vader-God beskou, terwyl dit die werk van Satan is of weens die mens se eie toedoen is!?

Deut. 6:1 tot 9 – Die Sh'ma.

In parashah 44 het ons genoem dat die sleutelteks (die hart) van *D'varim* in Deut. 6:4 en 5 te vinde is, naamlik:

Luister, Yisra'el, יהוה is ons God; יהוה is Een. Daarom moet jy יהוה jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag.

Dit is egter baie belangrik om kennis te neem van die woorde van Moses wat hierdie geloofsverklaring (geloofsbelydenis) vooraf gaan, naamlik:

Hierdie is die opdragte, die reëls en die wette wat יהוה, julle God, my beveel het om julle te leer sodat julle dit kan doen in die land waarheen julle oortrek, om dit te besit; dat jy יהוה, jou God, respekvol kan vrees om al Sy reëls en Sy opdragte, wat ek jou beveel, te doen, jy en jou kinders en jou kleinkinders, al die dae van jou lewe en dat jou dae verleng mag word. O, Yisra'el, jy moet luister en wees versigtig om dit te doen sodat dit met jou goed mag gaan en dat julle baie kan vermenigvuldig soos יהוה, die God van jou vaders, jou beloof het, in 'n land wat vloei met melk en heuning.. Deut. 6:1 tot 3 – PWL.

Weereens bevestig Moses sy taak, naamlik om Israel YHVH se Torah te leer sodat hulle dit kan hoor (*sh'ma*), kan bewaar (*sh'mar*) en dit kan doen (*asah*) sodat dit met hulle, en hulle kinders, goed kan gaan.

Deut. 6:4 staan bekend as die *Sh'ma* en is Israel – en daarom ook elkeen wat deur vertroue in Yeshua deel van Israel is – se geloofsverklaring dat YHVH die enigste ware en lewende God is en dat gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies op grond van liefde is. Die *Sh'ma* word ook as die wagwoord van Israel se vertroue in YHVH beskou. Daarom kan dit in die lig van die betekenis van die woord Israel (*Yisra'* – hy sal heers en *El* – Magtige God) ook soos volg bely word:

“Luister, oor wie Hy heers as Magtige God (Yisra'el), Yahuah is ons God, Yahuah is Een.”

Die verskuilde betekenis van die *Sh'ma* word in 'n Torah-boekrol gevind in die wyse wat die twee woorde *sh'ma* en *egad* geskryf word. Die Hebreeus vir Deut. 6:4 word soos volg getransliterer:

Sh'ma Yisra'el Yahuah Eloheinu Yahuah egad.

שמע ישראל יהוה אלהינו יהוה אחד

In *Sh'ma* (שמע – *shin, mem, ayin*) word die *ayin* met 'n vergrote letter geskryf – שִׁמְעַ en in *egad* (אחד – *aleph, chet, dalet*) word die *dalet* met 'n vergrote letter geskryf – אֶחָד. Die letter *ayin* en *dalet* vorm die woord getuie (עד – *ayd*). Wanneer ons die *Sh'ma* bely, is ons getuies van YHVH en van Yeshua as Messias. Dit is die getuienis dat YHVH Yeshua Een is. Ons is die getuies en die getuienis van die manifestasie van YHVH se teenwoordigheid op aarde. Deur saam Deut 6:4 te bely word die *Sh'ma* by die mond van twee of meer getuies bevestig.

Die piktogram van *ayin* is 'n oog en die piktogram van *dalet* is 'n deur. 'n Getuie is die een wat by die deur staan en met die oë YHVH Yeshua sien.

Die *Sh'ma* is deur Yeshua self bevestig toe 'n skrifgeleerde vir Hom gevra het wat is die eerste gebod van almal. Yeshua se antwoord was: *Hoor, Israel, YHVH ons God is Een en jy moet YHVH jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod.* (Mark. 12:28 en 29).

Die *Sh'ma*-belydenis moet opgevolg word deur die getuienis van liefde vir YHVH wat deur gehoorsaamheid aan Torah bevestig word (Deut. 6:5).

Bepeins of Bespreek

1. Hoekom is jy Torah-gehoorsaam? Is dit vrees of liefde wat jou dryf? Indien dit vrees is, naamlik vrees vir die gevolge van ongehoorsaamheid, dan is jy weens selfsugtige redes gehoorsaam! Beskryf onderstaande jou gesindheid?

"To be "in the will of God" is not a matter of intellectual discernment, but a state of heart... It's motto is – " My Father can do what he likes with me, He may bless me to death, or give me a bitter cup; I delight to do His will." - Oswald Chambers

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Jes. 40:1 tot 26 – Berei die Weg vir die Wederkoms

"Troos, troos My volk," sê julle God. "Praat sag met Yerushalayim en roep uit na haar dat haar oorlog verby is, dat haar oortreding verwyder is en dat sy uit die hand van יהוה dubbel ontvang het vir al haar sondes." Jes. 40:1 en 2 – PWL.

Parashah 45 word gelees op die Shabbat na *Tisha B'av* (die 9e van Av) en daarom is die eerste woorde van Jesaja 40:1 van groot troos na hierdie drie weke van rou: *Troos, troos my volk, sê julle God (Nacham, nacham am amar Elohiem)*. Daarom is *Va'etchanan* ook bekend as *Shabbat Nachamu*.

Vir die volgende sewe weke bevat elke Haftorah Skriflesing woorde van vertroosting in afwagting en voorbereiding van die koms van Messias. Beide Judaïsme en Messiane sien hierdie as 'n profesie met betrekking tot die koms van Messias en daarom as 'n herinnering om die weg voor te berei vir Yeshua Messias se koms. Uiteraard verwag Judaïsme die eerste koms van Messias, terwyl die Messiane en die Christendom die wederkoms verwag.

Die volgende gedeelte uit die kommentaar van Ya'acov Nathan Lawrence ten opsigte van Jes. 40:1 tot 26 som die betekenis van hierdie Haftorah op:

Only by complete submission and obedience to the unchanging Torah/Word of YHVH as revealed in Scripture will men be walking in the straight and narrow path. Only then will we be preparing the way in the spiritual wilderness that surrounds us for the Messiah to come again. Many in our day are called to be spiritual Elijahs and John the Baptists crying in the wilderness urging all to turn their hearts back to the ancient paths, back to the Hebraic roots of our faith, back to our spiritual fathers – the patriarchs, prophets and apostles. Someone has been given the difficult task of pulling down the religious strongholds that run counter to the "Word [Torah] of our Elohim [that] shall stand forever." Are you part of that Elijah generation, and if so, what are you doing to prepare the way for Messiah? (www.hoshanarabbah.org).

Bepeins of Bespreek

1. Indien ons na die huidige wêreldgebeure kyk, kan ons nie anders nie as om te besef dat die wederkoms van Yeshua ons Messias baie naby is!! Die tyd van 'rusbank-geloof' is verby!! Wat doen jy en ek om die weg vir die wederkoms van ons Koning en Hoëpriester voor te berei? Ons almal het *ge-sh'ma* en ons *sh'mar*, maar die tyd is nou om te *asah*!! Om te *asah* sluit in om die waarheid van geloof in Yeshua tot redding en gehoorsaamheid aan Torah as heiligmaking te verkondig aan geliefdes en vriende!!

For unless your hearts are free from worldly hopes and worldly fears, you never will speak boldly, as you ought to speak – Whitefield.

2. Ons moet dit doen wat Vader-God aan ons toevertrou het!

We are in danger of forgetting that we cannot do what God does, and that God will not do what we can do – Oswald Chambers.

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.

Johan

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.